

GIDS VIR SKOOLTOELATING

GRAAD 1 EN 8 – GAUTENG 2022

BELANGRIKE DATUMS

- ⚙️ **Open:** 22 Julie 2022 – vanaf 08:00
- ⚙️ **Sluit:** 19 Augustus 2022
- ⚙️ **Plasings:** 3 Oktober 2022 tot 30 November 2022
- ⚙️ **Aansoekplatform:** www.gdeadmissions.gov.za

ONTHOU: Die beginsel “First come, first served” geld met aansoeke, daarom is dit uiters belangrik om op Dag 1 (22 Julie) van aansoeke reeds die proses te probeer voltooi.

5-STAP AANSOEKPROSES

- STAP 1:** Registreer ouer/voog se besonderhede
Ná Stap 1 sal jy 'n SMS ontvang met 'n “Username” en “Password” (Bewaar veilig!)
- STAP 2:** Registreer adresbesonderhede
- STAP 3:** Registreer leerder se besonderhede
- STAP 4:** Doen aansoek by 'n skool
Ná Stap 4 sal jy 'n SMS ontvang met 'n waglysnommer (Neem skermskoot en bewaar veilig!)
- STAP 5:** Dien gesertifiseerde dokumente in by skool van voorkeur binne 7 dae van aansoek. Verskaf jou waglysnommer, sodat die skool jou aansoek kan naspoor.

BELANGRIKE DOKUMENTE

Ouers/voogde moet binne 7 dae van aansoek om toelating die volgende gewaarmerkte afskrifte op die stelsel laai of indien:

1. Ouer en leerder se ID of Paspoort (of Suid-Afrikaanse geboortesertifikaat)
Vir buitelandse aansoeke: Vlugtelingpermit, asielsoekerpermit, permanente verblyfpermit, studiepermit
2. Bewys van huisadres
3. Bewys van werkadres
4. Jongste skoolrapport
5. Kliniekaart/immunisasieverslag (slegs Gr. 1)

NB: Ouers/voogde word ten sterkste aangeraai om bogenoemde dokumente nie direk op die stelsel in te dien nie, maar eerder per hand by die skool van keuse in te dien.

BELANGRIKE WENKE

- ✳ Ouers sal van 3 tot 31 Oktober 2022 SMS'e ontvang om plasingaanbiedinge te aanvaar of te weier. Daarom is dit uiters belangrik om EEN betroubare en werkende selfoonnommer te verskaf met die aansoekproses sodat kennisgewings ontvang kan word.
- ✳ Graad R-leerders word nie outomaties tot Graad 1 sonder aansoek aanvaar nie. Hulle moet aansoek doen, selfs by die skole waar hulle tans ingeskryf is.
- ✳ Alle leerders wat 5 jaar oud is en teen 30 Junie 2023 6 jaar oud word en tans ingeskryf is in graad R in 'n skool of VKO-sentrum, sowel as leerders wat nie in enige tipe skool is nie, moet by **minstens drie skole** aansoek doen om toelating.
- ✳ Ouers het tot 26 Augustus 2022 (7 dae ná die einde van die aansoekperiode) om hul dokumente op te laai of in te dien. Dokumente wat ná die sluitingsdatum van die aansoektydperk opgelaaai of ingedien word, sal as onvolledige aansoeke beskou word en sal eers tussen 1 en 15 Desember 2022 hoor waar hulle geplaas word.
- ✳ Ouers kan ingeligte keuses maak ten opsigte van tale wat aangebied word wanneer hulle by 'n skool aansoek doen (in die verlede was dit nie sigbaar nie). Taal van Onderrig, Huistale en addisionele tale wat deur elke skool aangebied word, sal op die stelsel sigbaar wees.
- ✳ Die plasing van leerders met dokumente wat binne die gegewe tydperk opgelaaai/ingedien word, sal geprioritiseer word. **Eers wanneer dokumente ontvang is, word aansoeke as voltooi beskou.**
- ✳ Ouers wat uitdagings gedurende die aansoektydperk ervaar, kan distrikskantore en instapsentrums besoek of die Gauteng Departement van Onderwys se kontaksentrum by **0800 000 789** skakel.
- ✳ Stuur 'n e-pos na **toelatings@skole.co.za** indien enige uitdagings ervaar word, sodat die SOS kan rekord hou van probleme wat ouers met aansoeke ondervind.

SÓ WORD PLASINGS GEDOEN

Plasings word volgens die volgende toelatingsregulasies gemaak (in volgorde van prioriteit):

1. Leerder se **huisadres** is die naaste aan die skool binne die skoolvoedersone.
2. Leerder het reeds 'n broer en/of suster wat daar skoolgaan.
3. Werkadres van ten minste een van die ouers is binne die skoolvoedersone.
4. Leerder se huisadres is binne 'n 30 km-radius van die skool.
5. Leerder se huisadres van buite 'n 30 km-radius van die skool.

Wat is 'n skoolvoedersone?

'n Skoolvoedersone is 'n afgebakende residensiële area en geografiese gebied waarbinne leerders voorkeurtolating tot 'n skool kry.